MANDAAT VAN DIE KOMITEE VIR ONDERRIG, LEER EN ASSESSERING (KOLA)

| | |
|---|---|
| Dokumentverwysing | Nie van toepassing nie |
| HEMIS-klassifikasie | Nie van toepassing nie |
| Doel | Om die praktyke ten opsigte van die werk van die Komitee vir Onderrig, Leer en Assessering (KOLA) te reguleer |
| Soort dokument | Mandaat |
| Toeganklikheid | Intern |
| Implementeringsdatum | April 2023 |
| Hersieningskedule | Soos nodig |
| Vorige hersiening | 2017 |
| Eienaar van reglement | Viserektor (Leer en Onderrig) |
| Goedgekeur deur | Op 13 April 2023 deur die Komitee vir OLA goedgekeur |
| *Die Engelse weergawe van hierdie reglement is die deurslaggewende weergawe en die Afrikaanse weergawe is die vertaling daarvan.* | |

## 1) Amptelike naam van die komitee

Komitee vir Onderrig, Leer en Assessering (KOLA)

## 2) Opdrag/doel van die komitee

Die KOLA adviseer die Senaat oor sake wat met die volgende verband hou:

i. Onderrig, leer en assessering (OLA) (waaronder die statuur van onderrig en leer, en die akademieskap van onderrig en leer)
ii. Bevordering van studentestukses
iii. Eksamens en promosies
iv. Professionele ontwikkeling van en steun aan dosente (ten opsigte van OLA)
v. Studente-ondersteuningsmeganismes
vi. Akademiese beleid
vii. Alle akademiese aanbiedings[1]

[1]Waaronder alle soorte geakkrediteerde voor- en nagraadse kwalifikasies wat deur die instelling aangebied word, en ook alle niegeakkrediteerde aanbiedings; byvoorbeeld, ko-kurrikulum kortkursusse, sertifkate en ander leergeleenthede.

## 3) Soort komitee

Subkomitee van die Senaat, met taakspanne soos die KOLA mag instel

## 4) Rapporteringskanaal

Die KOLA rapporteer aan die Senaat en val binne die verantwoordelikheidsentrum van die Viserektor (Leer en Onderrig).

## 5) Konstituering

Die KOLA word deur die Senaat gekonstitueer.

## 6) Die mandaat van die komitee

Die KOLA het afhandelingsbevoegdheid ten opsigte van sake wat deur die taakspanne aanbeveel word en wat nie beslissings deur die Senaat benodig nie.

Dit sluit die volgende in:

a. Die komitee hou toesig oor die hersiening van alle OLA-verwante beleids- en bestuursdokumente.

b. Die komitee bied voorligting oor teenstrydighede in OLA-verwante beleids- en bestuursdokument.

c. Die komitee kan enige saak wat binne die opdrag/doel van die komitee lê, identifiseer en aanbevelings daaroor aan die Senaat voorlê.

d. Die komitee kan aanbevelings maak ten opsigte van sake soos onder 2i-2vii genoem. Verder kan die komitee besluite neem oor sake soos die aanwysing van taakspanne vir bepaalde ondersoeke. Verskillende afdelings (bv. Sentrum vir Onderrig en Leer, fakulteite) sou sodanige sake kan opvolg of implementeer.

e. Die bestuur van sake rakende OLA is die verantwoordelikheid van die Viserektor (Leer en Onderrig), terwyl die KOLA vir oorsig oor hierdie sake verantwoordelik is.

## 7) Samestelling

### a) Voorsitter

Viserektor (Leer en Onderrig)

### b) Lede

i. Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking
ii. Direkteur: Sentrum vir Onderrig en Leer
iii. Direkteur: Akademiese Beplanning en Gehalteversekering
iv. Registrateur
v. Senior Direkteur: Studentesake

vi. Bestuurder: Ko-kurrikulum
vii. Direkteur: Akademiese Inligting en Tegnologie
viii. Die visedekaan (onderrig en leer) van elk van die 10 fakulteite, of die fakulteitsraad se aangewese persoon indien die fakulteit nié so ’n visedekaanspos het nie
ix. Die voorsitter van die Akademiese Belangeraad (studenteverteenwoordiging)
x. Die komitee mag ook persone op grond van hul kundigheid koöpteer om tot die werksaamhede van die komitee by te dra

**c)** **Sekretariaat**: Personeellid van die Sentrum vir Onderrig en Leer

d) **Diversiteit ten opsigte van kundigheid, ondervinding en omgewings**: Die komitee word saamgestel uit ex officio-lede uit verskeie omgewings, naamlik Leer- en Onderrigverryking, Akademiese Beplanning en Gehalteversekering, Registrateursafdeling, akademici uit al die fakulteite, asook verteenwoordiging uit studentegeledere.

**e)** Die KOLA verteenwoordig ’n toepaslike **balans tussen C1-personeellede en C2/C3-personeellede.**

**f)** Ná aanwysing dien die komiteelede nie as **verteenwoordigers van** hulle **bepaalde belangegroepe nie**. Hoewel die lede sekere dissiplines verteenwoordig, dien hulle die komitee in konsulterende en adviserende hoedanigheid ten opsigte van onderrig, leer en assessering oor die algemeen. Daar word egter wel van visedekane (onderrig en leer) of die aangewese fakulteitsverteenwoordiger verwag om besluite en tersaaklike inligting uit die KOLA binne hul fakulteite te versprei.

## 8) Verkiesings- of aanstellingsprosedures

a) Lede dien ampshalwe (ex officio) in die komitee of word op grond van kundigheid deur die KOLA gekoöpteer.

b) Lidmaatskap geld vir solank die persoon die betrokke pos beklee. Die lidmaatskapstermyn van lede wat gekoöpteer is, is twee jaar.

c) Vakatures word deur nuwe aanstellings in die betrokke poste gevul.

d) As ’n meganisme vir die voorbereiding (opleiding/toerusting) van nuwe komiteelede om hulle pligte doeltreffend na te kom, sal hulle ’n afskrif van hierdie mandaat en alle toepaslike OLA-beleidsdokumente ontvang.

e) Die Sentrum vir Onderrig en Leer is daarvoor verantwoordelik om die KOLA te ondersteun.

f) Die Viserektor (Leer en Onderrig) sal verskeie kere per jaar oor die funksionering en doeltreffendheid van die KOLA aan die Senaat rapporteer. Die komitee sal ook van tyd tot tyd tydens die geskeduleerde vergaderings vir die jaar selfondersoek doen.